

2006.08.09 Die Verskil oor bekering en doop tussen die Pinksterbygeloof en Gereformeerde geloof. Voorlegging vir bespreking aan die Ring van Louis Trichardt
DIE VERSKIL IN STANDPUNT OOR BEKERING EN DOOP TUSSEN DIE PINKSTERGROEPE (AGS) EN DIE GEREFORMEERDE KERKE.

1. Die belydenis van die AGS

Die AGS bely sy oortuigings oor bekering as volg

“XII 11. Wat is bekering?

Dit is daardie werking van die Heilige Gees in die mens waardeur die hele menslike persoonlikheid, verstand, gevoel, en wil, van die sonde na God gekeer word, sodat die mens voortaan nie meer vir die sonde leef nie, maar vir God.”

“XII. 14 Watter genadedaad is intiem aan die bekering verbonde?

Met die bekering ontvang die mens vergifnis van sondes.”

“XIV. 3 Wat is die betekenis van die doop vir ons?

Van Gods kant betuig en bevestig die doop dat almal wat in Christus is, vanuit die ou sondige lewe in die nuwe lewe oorgegaan het; en van die dopeling se kant, is dit ‘n belydenis dat sy sonde afgewas is en dat hy voortaan ‘n nuwe lewe in Christus wil ly.”

“XIV. 5 Aan wie mag die doop bedien word?

Die doop moet bedien word aan hulle wat tot ware bekering en geloof in Jesus Christus gekom het.”

“XIV. 6 Kan suigeling ook gedoop word?

Nee, wel om die volgende redes:-

- a) Die Bybel praat net van ‘n doop wat bedien word aan hulle wat tot geloof en bekering gekom het en dit kan ons nie by ‘n suigeling hê nie.
- b) ‘n Suigeling is nie tot die belydenis in staat wat deur die doop veronderstel word nie.”

“XIV. 9 Is die doop (bekeringsdoop) teken van die nuwe verbond of testament?

Nee, na die doop word nêrens direk of indirek verwys as teken van die nuwe verbond of testament soos wat die besydenis dit van die ou verbond is nie; die doop spreek van die weldade wat op die nuwe verbond volg.”

“XIV. 15 Behoort iemand wat as suideling besprinkel is, die doop van gelowiges te ondergaan as hy later tot geloof en bekering gekom het?

Ja, en wel om die volgende redes: -

- a. As suigeling kon hy die doop nie met geloof ontvang nie en ‘n handeling wat sonder geloof geskied, kan nie ‘n sakrament genoem word nie.
- b. Besprinkeling kan nie uitbeeld wat die doopshandeling veronderstel nie en kan nie as ‘n vorm van doop beskou word nie.”

2. Die ooreenoms van die Pinksterkerke se oortuiging met die voorstanders van die “bekeringsdoop” in die NG Kerk.

2006.08.09 Die Verskil oor bekering en doop tussen die Pinksterbygeloof en Gereformeerde geloof. Voorlegging vir bespreking aan die Ring van Louis Trichardt

2.1 Die Pinksterdoop is 'n bekeringdoop.

Die AGS stel dit duidelik dat die doop net aan mense bedien mag word wat tot bekering en geloof gekom het. Dit is waarom hulle kinders uitsluit van hierdie doop en kinders wat wel gedoop is weer doop – omdat hulle eerste doop nie 'n bekeringsdoop was nie.

Die Pinkster doop en “bekeringsdoop” is hierin identies. Dit is altwee dinge wat volg op en direk verband hou met die bekering. In hierdie opsig is daar geen verskil tussen die AGS doop en die “bekeringsdoop” binne die NG Kerk nie.

2.2 Mens wat as kinders gedoop is, moet weer met die bekeringsdoop gedoop word.

Die AGS en voorstanders van die bekeringsdoop is hierin ook identies. Beide stel dat die doop van kinders nie dieselfde is as die bekeringsdoop nie en dat iemand wat as kind gedoop is, met die bekeringsdoop weer gedoop moet word.

2.3 Die AGS doop en die bekeringsdoop het dieselfde betekenis.

Die AGS sê dat die doop is 'n belydenis van die dopeling se kant dat hy voortaan vir Christus wil leef. Die doop word dus 'n verklaring van die dopeling oor sy toewyding. Dit is presies dieselfde betekenis wat voorstanders van die bekeringsdoop aan hulle doop heg. Dit is 'n verklaring oor hoe hulle vir God wil leef.

2.4 Die kwalifikasie vir die doop is by die AGS en by die bekeringsdoop dieselfde.

In die Pinksterkerke is die kwalifikasie om gedoop te word om tot bekering te kom. Dit is presies dieselfde kwalifikasie vir die “bekeringsdoop” binne die NG Kerk.

2.5 Die verbintenis tussen bekering en vergifnis is dieselfde.

Die AGS stel dat bekering nodig is vir die ontvangs van vergifnis van sonde. Dit is presies die waarde wat die voorstanders van die bekeringsdoop aan hulle bekering heg. Daarom verbind hulle die doop met hierdie een spesifieke bekering wat anders is as ander bekering: die bekering waardeur jy vergifnis ontvang.

3. Die verskil tussen die “verbondsdoop” en bekeringsdoop is by die AGS en voorstanders van die “bekeringsdoop” binne die NG Kerk dieselfde.

3.1 Vir altwee is daar 'n verskil tussen die “kinderdoop” en die bekeringsdoop.

3.2 Vir altwee is die “kinderdoop” nie genoeg nie.

3.3 Vir altwee word 'n mens deel van God se heilgawes van Christus by die tweede doop, nie by die eerste doop nie.

2006.08.09 Die Verskil oor bekering en doop tussen die Pinksterbygeloof en Gereformeerde geloof. Voorlegging vir bespreking aan die Ring van Louis Trichardt
 3.4 Vir altwee is die eerste doop nie 'n verklaring van 'n nuwe lewe nie.

4. Wat is die verskil tussen die AGS se doop en die “bekeringsdoop”?

Daar is net een verskil. Die AGS sê dat daar net een doop is en dat die kinderdoop geen doop is nie. “XIV Kan suigeling ook gedoop word? Nee” Die voorstanders van die “bekeringsdoop” sê dat daar wel twee dops is: die verbondsdoop en die bekeringsdoop.

5. 'n Nuwe dwaling teen die wese van die Skrif.

Hierdie dwaling is teen die hart van die Skrif: “⁴ Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. ⁵ Daar is net één Here, één geloof, één doop, ⁶ één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon. (Efesiërs 4)

Die karakter van die doop is juis dat dit een doop is – want dit is die inlywing in die een liggaam van Christus deur die een Gees wat ons van een hoop deelmaak waarin ons net een Here en een Vader het.

Twee dops is 'n dwaling buite die hele gekende Christendom: die Rooms Katolieke kerk, die Grieks Ortodokse kerk, die Anglikaanse, Lutherse en Gereformeerde kerk almal het nog altyd as antwoord van die Skrif net een doop bely. Ook al die Pinkster kerke, van die AGS tot die PPK, bely net een doop.

Daarom is die belydenis oor een doop deur die vroeë kerk as deel van die Evangelie bely en nie as 'n bysaak gesien nie: Geloofsbelydenis van Nicéa 325-381 n.C.

- Artikel 1: Ons glo in **een God**, die Almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge;
- Artikel 2: en in **een Heer** Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; (God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader; deur wie alle dinge ontstaan het
- Artikel 3: wat ter wille van ons, mense, en ter wille van ons saligheid neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria;
- Artikel 4: wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely en begrawe is;
- Artikel 5: en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;
- Artikel 6: wat opgevaar het na die hemel en wat sit aan die regterhand die Vader,
- Artikel 7: wat weer sal kom met heerlijkheid om te oordeel die wat lewe en die wat reeds gesterf het, wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie.

2006.08.09 Die Verskil oor bekering en doop tussen die Pinksterbygeloof en

Gereformeerde geloof. Voorlegging vir bespreking aan die Ring van Louis Trichardt

- Artikel 8: Ek glo in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker wat van die Vader uitgaan wat saam met die Vader en Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gesprek het deur die heilige profete;
- Artikel 9: ek glo aan 'n **een heilige**, algemene, Christelike kerk gegrond op die leer van die apostels;
- Artikel 10: ons **bely een doop** tot vergifnis van sondes;
- Artikel 11: ons verwag die opstanding van die ontslapens
- Artikel 12: en die lewe van die toekomstige eeu.

6. Die enigste verskil.

Hierdie sogenaamde “twee dore” is die enigste verskil tussen die “bekeringsdoop” voorstanders in die NG Kerk en die Pinksterkerke. Val hierdie verskil weg- dan is dit presies dieselfde oortuiging wat hulle met die Pinksterkerk deel.

7. Die wese van die verskil met die Gereformeerde geloof.

7.1 ‘n Lewende geloof, nie ‘n dooie handboek nie.

Die Gereformeerde geloof is – ‘n geloof. Dit kan nie maar net minagend weggewys word as ‘n handboek of ‘n teorie nie. Dit is ‘n lewende geloof in die hart van miljoene Christene wêreldwyd. Dit is ‘n geloof wat homself onderskei van die Pinkstergeloof en Rooms Katolieke geloof. Dit wil anders glo omdat hulle glo die Skrif leer anders as wat in hierdie geestelikhede geglo word.

7.2 Die wese van die verskil: oor bekering.

Die Gereformeerde kerke glo anders oor bekering as die Pinksterkerke oor bekering. Ons glo dat die bekering iets anders as geloof is.

- Geloof is die wyse waarop ons alle gawes van God – ook vergifnis ontvang, nie omdat ek glo nie, maar omdat ek deel is van alles wat Christus vir my gedoen het.
- Bekering is wat die wet van ons eis en dit doen ons uitdankbaarheid sonder dat ons enige heilsgawe van God daardeur ontvang: nie vergifnis nie, nie regverdigmaking nie, nie die ewige lewe nie, nie heiligheid en gemeenskap met die medegelowiges nie.

Daarom kan daar nie ‘n bekering wees waardeur ons vergifnis, ‘n nuwe lewe, geloofsekerheid, wedergeboorte, die nuwe lewe van die Gees, regverdigmaking kan ontvang nie. Daar is nie so bekering nie. Hierdie gawes ontvang ons alleen deur geloof, sonder hierdie bekering.

Omdat ons nie geloof sien as ‘n goeie werk nie, maar iets wat juis uit ons vereniging met Christus kom, kan ons kinders wat nie glo doop. Ons doop hulle omdat hulle met Christus verenig is, nie omdat hulle glo nie.

2006.08.09 Die Verskil oor bekering en doop tussen die Pinksterbygeloof en Gereformeerde geloof. Voorlegging vir bespreking aan die Ring van Louis Trichardt

8. 'n Nuwe seremoniële godsdiens – die bekeringsdoop?

Hoe word ons doop sigbaar?

Deur ons geloof en goeie werke, nie deur seremonies nie!

Die Skrif is duidelik oor alle seremonies: dit is afgeskaf deur die koms en werk van die Here.

“¹¹ Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. ¹² Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. ¹³ Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. ¹⁴ Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeeneem. ¹⁵ Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer. Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. ¹⁷ Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus. ¹⁸ Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaas van homself dink, ¹⁹ en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei. ²⁰ Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte ²¹ soos: “Hieraan mag jy nie vat nie!” “Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!” “Daaraan mag jy nie raak nie!”? ²² Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooi en leerstellings van mense. ²³ Hierdie leerstellings het wel ’n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die betuelling van die sondige drifte nie. (Kolosense 2)

Die doop is nie ’n seremonie nie. Dit staan teenoor en het in die plek gekom van alle seremonies in die Ou Testament. Die doop is deel van die wese van die Evangelie. Dit is net net ’n uitelike bysaak nie.

Die Gereformeerde geloof verwerp seremonies: “NGB Artikel 25 **Die seremoniële wet in Christus vervul**. Ons glo dat die seremonies en heenwysings van die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwee tot ’n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word.”

2006.08.09 Die Verskil oor bekering en doop tussen die Pinksterbygeloof en Gereformeerde geloof. Voorlegging vir bespreking aan die Ring van Louis Trichardt
Om nuwe seremonies in te stel wat na die sakramente heenwys, is teen die wese van die Gereformeerde geloof: ons glo alle seremonies is deur die duidelikheid van Christus en sy koms wat ons in die doop sien, afgeskaf.

Die sigbaarheid van ons bekering moet wys in goeie werke, nie seremonies nie.

9. Die tug is deel van die Evangelie.

Die tug het binne die Gereformeerde Kerke dieselfde waarde as die Woordbediening en die sakramente. Daarom word die tug behandel onder die vraagstuk oor verlossing saam met die inhoud van die Evangelie en die sakramente. Ons mag nooit tug, Evangeliebediening en sakramente teenoor mekaar stel asof die een belangriker is as die ander nie. Al drie saam is die merktekens van die ware kerk.

Wie aan bekering dieselfde waarde gee as geloof, dwaal in die wese van die godsdienst; wie die doop 'n teken van bekering maak, dwaal in die hart van die Evangelie; wie weer nuwe seremonies wil instel terwyl die Here alle seremonies afgeskaf het, dwaal ook in die hart van die Evangelie.

Ds. PJ Kriel.
09.08.2006